

# LAERSKOOL HERMANUS

**Skoolhoof** : Mnr. J.B. Cilliers

**Adjunkhoof** : Mnr. B.C. du Preez

**Sekretaresses** : Mev. De Villiers - Algemeen  
Mev. Burger - Finansies  
Mev. Lotz - Finansies  
Mev. Groenewald - Skoolhoof

**Straatadres** : Dirkie Uysstraat  
HERMANUS  
7200

**Posadres** : Posbus 90  
HERMANUS  
7200

**Telefoon** : (028) 312 3670/312 3680

**Faksnommer** : (028) 31 2 3711

**E-posadres** : [barry@hermanusprimary.org.za](mailto:barry@hermanusprimary.org.za)

**Web adres** : [www.hermanusprimary.org.za](http://www.hermanusprimary.org.za)

## BOODSKAP VAN DIE HOOF

Ek wil van hierdie geleentheid gebruik maak om u hartlik te verwelkom as ouer van Laerskool Hermanus en hoop dat u, waar moontlik, spontaan betrokke sal raak by die skool. U samewerking is onmisbaar!

Ons glo dat, as daar 'n sterk band tussen die skool en die huis is, dit tot voordeel van die kind se opvoeding strek. U kind se gesindheid en geluk sal grootliks van u positiewe benadering afhang. Ons sien uit na 'n gelukkige verbintenis met u gesin.

**J.B. CILLIERS**

## INLEIDING

Laerskool Hermanus is 'n parallelmediumskool, dus is die Afrikaanse en Engelse leerders in aparte klasse. Ons skool bied van graad een tot graad sewe aan. Ons klein klassies, van tussen 25 en 28 leerders, verseker persoonlike aandag in elke leerder se vordering en om 'n liefde vir leer te kweek.

Laerskool Hermanus gee elke leerder die geleentheid tot groei en ontwikkeling. Inisiatief en spanwerk is van kardinale belang. Hierdeur akkommodeer ons al die talente van ons leerders.

Laerskool Hermanus het ten doel om 'n diverse leeromgewing vir die leerders te skep. Kinders moet ontwikkel om in hulself te glo en hul ware potensiaal te ontdek. Om dit te bereik beskik ons oor:

### **AKADEMIES**

- Professionele en toegewyde onderwysers.
- 'n Gunstige onderwyser-/leerderverhouding.
- 'n Relevante kurrikulum.
- Remediërende onderrig.
- Mediasentrum.
- Goed toegeruste rekenaarlokaal.
- Uitstappies.

### **WAARDES**

- 'n Christelike etos.
- 'n Kind gesentreerde omgewing.
- Uitreikaksies na die gemeenskap.
- Omgewingsbewaring.
- Sterk leierskap
- 'n Pro-aktiewe Beheerliggaam met professionele kundigheid
- 'n Sterk ouer/skool verhouding

### **INFRASTRUKTUUR EN SPORT**

- Deelname in vele tradisionele sportsoorte.
- Drie tennisbane.
- Een rugbyveld.
- Een atletiekbaan.
- Ses netbalbane.
- Drie krieketkolfblaaie.
- Drie hokkievelde
- Klubhuis met volledige kleedkamers.

## GESKIEDENIS VAN ONS SKOOL

### STIGTING EN ONTWIKKELING

Die eerste skool is in 1868 gestig en het as die "St. Peter's Mission School" bekend gestaan. Dit was deel van die huidige "St. Peter's Church". Later het dit as die "Anglican Church School" bekend gestaan met mnr. W.H. Paterson as skoolhoof. Die eerste onderwyser was 'n mnr. Soph of Soff.

In 1884 het eerwaarde Van Zyl die N.G. Kerk-skool gestig. Die eerste onderwysers was onder andere Soph, Telétt, McKlene en Knoebel.

In 1887 het die "St. Peter's Mission School" en die N.G. Kerk-skool verenig en dit was die begin van die Publieke Skool (Public School). Mnr. S.G. du Toit was die eerste skoolhoof van dié skool. Die klasse is in die N.G. Kerkzaal waargeneem. Die skool het ongeveer 30 leerlinge en drie onderwysers gehad waarvan meester Paterson en "Swallow" Neethling die bekendstes was.

Bouwerk aan die klipgebou onder Hoy se Koppie het in 1907 begin en die gebou is in 1911 betrek met mnr. S.G. du Toit as hoof, mej. Bredenkamp verantwoordelik vir sub A en B, mnr. Paterson vir standerds 1 tot 4 en mej. Neethling vir standerds 5 en 6. Nederlandse en Engelse leerders is in dieselfde klas onderrig.

In 1918 het die skool primêre skoolstatus gekry en 'n staatskool geword. Mnr. S.G. du Toit was hoof tot in 1920. In 1921 het die skool 'n sekondêre skool geword en mnr. J.J. Fick is as hoof aangestel, omdat mnr. Du Toit nie oor die nodige kwalifikasies beskik het nie. In 1931 is mnr. Fick deur mnr. Lomborg opgevolg.

In 1941 het die skool hoërskoolstatus verkry. Mnr. B.J. Joubert (Oom Joepie) het vanaf 1940 tot 1945 as hoof waargeneem, terwyl mnr. Lomborg aan die Tweede Wêreldoorlog gaan deelneem het. Mnr. Lomborg keer nie na afloop van die oorlog terug nie, maar word hoof van Observatory Boys High School. Mnr. H.C. Jones neem in Januarie 1946 by mnr. Joubert die leisels oor. Die hoër- en laerskool skei in 1952 met mnr. N.J.P.S. van Staden as hoof van die laerskool. Beide skole is toe nog op dieselfde terrein gehuisves. In 1962 is mnr. Van Staden deur mnr. H. Honniball opgevolg. Hy is in 1968 deur mnr. B.A. Kuyler opgevolg en in 1978 word mnr. H.B. Nell die skoolhoof.

'n Nuwe hoërskool is agter Hoy se Koppie gebou en in 1977 betrek. Na vele verhoë tot die WKOD en met die hulp van mnr. Lampie Fick, LP vir Caledon, is die ou hoërskoolgebou uiteindelik opgeknop en betrek die laerskool al die geboue op die terrein.

Op 1 Mei 1992 word die skool 'n staatsondersteunde skool en mnr. H.B. Nell tree af op 31 April 1995. Mnr Cilliers volg hom op as skoolhoof.

Sedert 1995 het die ouers van Laerskool Hermanus die volgende projekte vir hul eie rekening aangepak:

Die bou van die skoolsaal, bou van 8 klaskamers, 4 motorhuise, snoepwinkel, pawiljoen, klubhuis, kleedkamers, twee administratiewe vleuels, 3 hokkievelde, outomatiese besproeiing op die sportvelde en baie ander kleiner projekte.

## **VISIE VAN ONS SKOOL**

Die Laerskool Hermanus strewende daarna om die kind in sy totaliteit, deur kwaliteit onderwys, binne 'n positiewe omgewing, te ontwikkel.

## **MISSIE VAN SKOOL**

Ons gee om!

### **LEUSE**

Horas signo tempus fugit – “Ure is belangrik: die tyd vlieg.”

### **SKOOLIED**

*Tussen baai en die berg lê Hoy's Koppie verdwerg  
staan brandwag oor dit wat ons eer;  
Nooit sal ons vergeet waaraan ons moet meet  
die toekoms van elk kind wat hier leer.  
Ja, die sout van die see  
gee smaak aan ons weë;  
Ruwe kranse wys ons staan sterk.  
Op ons skool is ons trots, gebou uit die rots  
wat standvastigheid gee aan ons werk.  
Hermanus ons skool — ons gee alles vir jou;  
Ons sal jou naam met vaste tred hou.*

*Liriek en melodie : J.J.M. Pieterse, oud-standerd vyf-onderwyser.  
Harmonie : Mev. H.H. Geldenhuys, oud-musiekonderwyser.  
1984*

### **TOELATING**

Volgens wet is dit verpligtend dat leerders skool bywoon in die jaar waarin hulle sewe jaar oud word. Indien ouers van die reël wil afwyk moet hulle by die Wes-Kaap Onderwysdepartement toestemming kry.

### **SKOOLBYWONING**

Gereelde skoolbywoning is van kardinale belang vir die akademiese sukses van die leerders en daarom moet afwesigheid tot die minimum beperk word. Waar moontlik moet dokters- en tandartsafsprake buite skoolure geskied, verkieslik in vakansies.

U moet daarop let dat die onderwyser nie verantwoordelik gehou kan word om werk in te haal wat leerders weens afwesigheid, gemis het nie. Indien leerders vir 'n tydperk van die skool afwesig was is dit hul verantwoordelikheid om die werk so spoedig moontlik in te haal.

## **OUBESOEKE GEDURENDE SKOOLURE**

- Alle ouers moet die ingang van die hoofgebou gebruik.
- Ouers moet by die sekretaresse by Ontvangs aanmeld.
- Indien ouers op die skoolgronde bestuur moet hulle altyd onthou dat die kinders die reg van weg het. Bestuur dus versigtig en ry stadig.
- Oueronderhoude met onderwysers oor enige aspek van die leerder se vordering en/of ontwikkeling moet vooraf vir 'n geskikte tyd gereël word. Ouers besoek die onderwyser dus nie gedurende onderrigtyd by die klas nie.
- Indien ouers dringend met 'n onderwyser telefonies of persoonlik wil kommunikeer, en die onderwyser is nie beskikbaar nie, sal 'n nota aan die onderwyser deurgegee word met oog op spoedige skakeling.
- Ruim probleme so gou as moontlik uit die weg, sodat positiewe groei en ontwikkeling moontlik is.
- Woon die eerste oueraand van die jaar by. Vind uit hoe u u kind met huiswerk kan help.
- Neem asseblief kennis dat ouers nie 'n klas mag onderbreek om met 'n onderwyser te praat of 'n leerder te roep nie.

## **VERKEER OP REËNDAE**

Leerders het ten alle tye die reg van weg op die skoolgronde. Ouers wat wel die skoolgronde binne ry word gevra om asseblief die Dirkie Uysstraat hek as ingang te gebruik en die hek by die tennisbane as uitgang. Jul samewerking in die verband sal hoog op prys gestel word.

## **TAALBELEID**

Laerskool Hermanus is 'n parallelmediumskool. Die Afrikaans eerste taal sprekers is in Afrikaanse klasse en die Engels eerste taal sprekers is in Engelse klasse.

## **SKOOLURE**

Graad 1 en 2:	Maandag tot Donderdag	:	07:40 - 13:00
Graad 3	Maandag tot Donderdag	:	07:40 - 14:00
Graad 4 tot 7:	Maandag tot Donderdag	:	07:40 - 14:15
Graad 1 tot 7:	Vrydae	:	07:40 - 13:00

**DIE SKOOL EINDIG OM 11:00 OP DIE LAASTE DAG VAN ELKE KWARTAAL.**

## **STIPTELIKHEID**

Maak asseblief seker dat u kind nie laat is vir skool nie. Dit veroorsaak spanning vir die kind en ontwrig die res van die klas.

**Graad een en graad twee leerders mag nie op die skoolgronde rondhang tussen 13:00 en 14:15 nie.**

## **SKOOLGELDE**

Die skoolgelde vir 2013 beloop R6 490,00 per leerder per jaar. By aansoek om toelating sal u 'n brief met volledige inligting oor betaalwyses ontvang.

Skoolgelde word gebruik om die lopende koste van die skool te dek, soos bv. herstelwerk, water, elektrisiteit, onderhoud van geboue en sportvelde, die aankoop van toerusting, skryfbehoeftes en die salarisse van die 12 onderwysers wat deur die skool vergoed word.

## **KLEREWINKEL**

Skooldrag word op Dinsdae en Donderdae vanaf 13:00 tot 14:00 by die skool verkoop.

Daar is ook tweedehandse klere by die winkel beskikbaar. Die winkel bied u die geleentheid om skoon en netjiese skoolklere te bekom. Tree met mev. Burger by die skool in verbinding.

## **AKADEMIE**

### **GRONDSLAGFASE : GRAAD 1 - 3**

Die grondslagfase bestaan uit 12 klasse, twee Afrikaanse en twee Engelse klasse per graad. Ons klasgroottes wissel tussen 24 tot 28 leerders per klas. Ons het ook drie onderwysassistente wat die onderwysers in die klas behulpsaam is.

Ons volg die Nasionale Kurrikulum en Assesserings Verklaring (NKAV). Hierdie kurrikulum bestaan uit Huistaal (Afrikaans), Wiskunde, Lewensvaardighede, en Eerste Addisionele Taal. Rapporte word huis toe gestuur aan die einde van elke kwartaal behalwe die eerste kwartaal. Aan die einde van die eerste kwartaal word daar onderhoude met die ouers gevoer.

### **INTERMEDIÊRE FASE : GRAAD 4 - 6**

Hierdie fase is die oorbrugging tussen die grondslagfase (Graad 1 - 3) en die Senior Fase (Graad 4 - 7). Gedurende hierdie fase sal die leerder nie meer leer om te lees nie, maar lees om te leer. Denkvaardighede en die aanwending van kennis is die fokus. In hierdie fase sal die leerders ook gespesialiseerde aandag in spesialis vakke ontvang.

Vakke: Tale (Afrikaans en Engels), Wiskunde, Wetenskap en Tegnologie, Lewensvaardighede (Skeppende kunste, Liggaamsopvoeding en Persoonlike en sosiale welsyn) en Sosiale Studies (Aardrykskunde en Geskiedenis).

### **SENIOR FASE : GRAAD 4 - 7**

Vakke: Tale (Afrikaans en Engels), Wiskunde, Natuurwetenskap, Tegnologie, Ekonomies en bestuurswese, Lewensvaardighede en Sosiale studies.

## **REKENAARS**

Die rekenaarlokaal spog met eersteklas fasiliteite. Elke leerder het sy eie rekenaar tot sy beskikking. Elke klas van graad een tot graad sewe besoek die sentrum weekliks.

'n Kurrikulumgeïntegreerde benadering word gevolg. Rekenaarvaardighede word aangeleer en toegepas deur spesifieke projekte wat aansluiting vind by die kurrikulum.

Ons stel onself ten doel dat wanneer leerders graad 7 voltooi, hulle reeds 'n grondige kennis het van die Microsoft produkte: Word, Exel, Publisher, Power point en Internet explorer. Leerders het ook toegang tot die internet om inligting te bekom soos benodig.

Tans beskik 24 van ons 29 klasse ook oor dataprojektors om leer meer interessant te maak. Sommige klasse het ook toegang tot die internet.

## **KUNS**

Alle leerders, van Graad 3 tot Graad 7 kry weekliks een uur kunsonderrig in ons goed toegeruste kunslokaal. Die voorgestelde kurrikulum word gevolg.

Na skool word aanvullende klasse aangebied waar leerders aan ander kunsmediums en tegnieke blootgestel word. Ouers moet betaal vir na-uurse kuns.

## **BIBLIOTEEK**

Leerders van Graad 1 tot Graad 4 besoek die biblioteek weekliks om boeke om te ruil. Die Graad 5- en Graad 6-leerders besoek die biblioteek elke tweede week.

Die biblioteek is ook daagliks gedurende tweede pouse oop vir leerders se gebruik.

## **AKADEMIESE ONDERSTEUNING**

### **ONDERWYSONDERSTEUNINGSPAN (OOS)**

Elke graad vergader een keer per kwartaal, of soos die behoefte ontstaan, met die onderwys hulpspan. Die OOS adviseer dan die onderwyser hoe om, in die beste belang van die leerder, met die leerstoornisse wat die leerder ervaar, in te tree. 'n Intervensieprogram word uitgewerk vir leerders met spesifieke leerprobleme. Die ouers sal in kennis gestel word van die OOS se aanbeveling.

### **REMEDEÏRENDE LESSE**

Remediërende klasse word vir leerders wat probleme met skoolwerk ervaar, aangebied. Die leerders kan individuele of groeplese, met leerders wat dieselfde probleme ervaar, bywoon.

Die leerders woon die lesse gedurende skoolure by. Ouers moet vir die ekstra klasse betaal.

## **SPRAAKTERAPIE**

Leerders wat geïdentifiseer is met spesifieke spraak- of taalprobleme mag spraakterapie gedurende skoolure ontvang. Die terapeut werk nou saam met onderwysers en ouers. Ouers moet betaal as hulle van die diens gebruik wil maak.

## **BERADER**

Die skool het ook 'n berader wat kan omsien na die behoeftes van leerders indien daar probleme ontstaan. Gesprekke en terapie sluit onder andere in probleme met depressie, vriendskapsprobleme, afknouery, woede, vrees, die hantering van egskeiding van ouers en algemene emosionele probleme.

## **SKOOL ETIKET**

### **INGANG NA SKOOL**

Die gebruik van die hoofingang van die skool is vir leerders verbode. Slegs die syingange mag gebruik word.

### **NOTA OM VERSKONING**

Indien 'n leerder om een of ander rede nie 'n aktiwiteit of oefening kan bywoon nie word dit van die leerder verwag om homself/haarself, tesame met 'n brief van die ouers, van die betrokke leerkrag te verskoon. Dit is net goeie maniere.

### **TELEFOON**

Die gebruik van die telefone in die sekretaresse se kantore is uitsluitlik vir skoolaangeleenthede. Planne vir naskoolse aktiwiteite moet tuis gemaak word alvorens leerders skool toe kom. Leerders en ouers mag nie van die sekretaresse se kantore bel nie. Die publieke telefoon is beskikbaar vir die gebruik deur leerders en ouers. Let asseblief ook daarop dat die publieke telefoon nie inkomende oproepe kan ontvang nie. Maak dus seker dat u kind oor 'n telefoonkaart beskik indien hul van die telefoon gebruik wil maak.

Moet asseblief ook nie die skool bel om inligting te bekom wat reeds per SMS, omsendskrywe of met die "School Communicator" gestuur is nie. Lees asseblief u omsendbriewe en bêre hulle vir toekomstige navrae. Dit is baie ontwrigtend vir die sekretaresse as hulle voortdurende onnodige vrae moet beantwoord.

## **SKOOLREËLS**

Skoolreëls moet spesifiek wees, sodat leerders weet wat van hulle verwag word. Die meerderheid van die reëls verwys direk na die gedragkode, regte en verantwoordelikhede van die leerders. Die reëls is daargestel om 'n gelukkige en geborge omgewing vir almal te skep.



## 1. LEERDERS RESPEKTEER HULSELF EN ANDERE

### 1.1 Die volgende word nie toegelaat nie!

- Vloektaal
- Skaatsplanke
- Klipgooi
- Rook
- Kougom
- Alkoholgebruik
- Bakleiry (ook kamma bakleiry)
- Spoeg
- Elektroniese speelgoed
- Die dra van messe of enige ander gevaarlike voorwerpe.
- Enige gedrag wat die skool se naam kan skaad.
- Afknouery, verbale afkraak of terg van leerders.

## 2. SKOOLDRAG, HARE, NAELS

2.1 Leerders moet by voorgeskrewe skooldrag hou.

2.2 Hare moet op so 'n manier vasgemaak word dat, wanneer 'n dogter vooroor leun, geen hare oor haar gesig val nie. Slegs donkergroen, blou of wit linte en rekkies moet gedra word.

2.3 Geen naellak of grimeermiddels word toegelaat nie.

2.4 Seuns se hare mag nie aan die ore, kraag of wenkbroue raak nie. Geen "walle" word toegelaat nie en ook **geen "gel"** nie. Seuns en dogters se hare mag nie gekleur word nie.

2.5 Die enigste juweliersware wat toegelaat word, is 'n horlosie, "medic-alert"-armband of -hangertjie. Dogters met gaatjies in die ore mag **een**, klein, goue of silwer oorbolletjie of klein ooring in elke oor dra.

2.6 Skoolsweetpakke met wit tekkies mag gedurende die winter gedra word. Die bostuk moet toegerits wees en mag nie uitgetrek word nie. **GEDURENDE DIE SOMER WORD GEEN SKOOLSWEETPAKBROEKE GEDRA NIE.**

2.7 Gewone klere wat op spesiale dae gedra word, moet geskik wees om by 'n skool te dra. Die voorreg mag weggeneem word volgens die diskresie van die skoolhoof.

<b>Somer</b>	
<b>Seuns</b>	<b>Dogters</b>
Grys kortbroek	Groen skoolrok
Wit kortmouhemp	Wit kortmouhemp
Lang grys skoolkouse	Wit enkelsokkies

Swart skoolskoene	Swart skoolskoene
Groen skooltrui of skool se sweeptakbaadjie	Groen skooltrui of skool se sweeptakbaadjie
<b>Winter</b>	
Grys langbroek	Groen skoolrok
Wit langmouhemp	Wit langmouhemp
Grys skoolkouse	Grys skoolkouse/swart kouse
Swart skoolskoene	Swart skoolskoene
Groen skooldas	Groen skooldas
Groen skooltrui of skool se sweeptakbaadjie/reënbaadjie	Groen skooltrui of skool se sweeptakbaadjie/reënbaadjie
Volle skoolsweepak op sportdae	Volle skoolsweepak op sportdae
Serp	Serp
<b>Liggaamlike Opvoeding</b>	
<b>Seuns</b>	<b>Dogters</b>
Skool L.O.-hempie	Skool L.O.-hempie
Swart broekie	Groen sportrompie
<b>Atletiek</b>	
Atletiekfrokkie en –broekie	Atletiekfrokkie en -broekie
<b>Tennis</b>	
<b>Seuns</b>	<b>Dogters</b>
Skool L.O.-hempie	Skool L.O.-hempie
Blou broekie	Blou rompie
Wit sokkies en wit tekkies	Wit sokkies en wit tekkies.
<b>Rugby</b>	<b>Netbal</b>
Blou skool rugbytrui	Skool L.O.-hempie
Swart broekie	Groen sportrompie
	Wit sokkies en wit tekkies
<b>Hokkie</b>	
Skool L.O.-hempie	Skool L.O.-hempie
Swart broekie	Groen sportrompie
Blou hokkiesokkies	Blou hokkiesokkies
<b>Krieket</b>	
Skool L.O.-hempie	
Wit broekie, blou skoolsokkies	
Wit tekkies	

### 3. GEMERKTE ITEMS

Alle klere en persoonlike items moet duidelik gemerk word om maklike identifikasie te verseker. Items wat opgetel word sal vir 'n beperkte periode by die sekretaresse se kantoor bewaar word.

### 4. LAAT VIR SKOOL

Indien leerders laat is vir skool, moet hulle, tesame met hul ouers, by ontvangs aanmeld. Vir elke twee keer wat 'n leerder laat kom sal een uur detensie geld.

### 5. VERLAAT VAN SKOOLTERREIN

Geen leerder mag die skoolterrein gedurende die dag sonder die toestemming van die skool- of adjunk-hoof verlaat nie. 'n Brief ter verduideliking moet deur die ouers na die skool gestuur word indien 'n leerder die skool moet verlaat. Ouers moet leerders by die sekretaresse uitteken alvorens hul die skoolterrein verlaat.

### 6. FIETSE

Alle fietse moet vasgeketting word. Die skool aanvaar geen verantwoordelikheid vir diefstal nie.

- (a) Geskikte valhelms vir leerders se veiligheid word aanbeveel.
- (b) Fietse moet op die skoolterrein gestoot word.

### 7. RESPEK VIR EIENDOM/VEILIGHEID VAN LEERDERS

7.1 Die personeelkamer, kopieervertrek, hoofingang en motorhuis is verbode terrein vir leerders. Hulle mag ook nie naby die personeel se motors speel nie. Leerders moet gedurende pouses op voorgeskrewe plekke op die terrein speel.

7.2 'n Leerder mag slegs met die toestemming van, of in die teenwoordigheid van 'n onderwyser, iets in die klas gaan haal gedurende pouses, voor of na skool.

7.3 Skoon klasse is die verantwoordelikheid van leerders en die verwagting is dat hulle hul klasse en banke skoon en netjies sal agterlaat aan die einde van die dag.

7.4 Daar word nie geëet en gedrink in die skool se gange en klaskamers nie. (**Slegs op reëndae word leerders in die gange toegelaat**).

7.5 Leerders mag nie skree of hardloop in die geboue nie. Die "Hou Links"- reël geld wanneer leerders in die gange beweeg. Hul beweeg flink in netjiese rye.

7.6 Dit word van leerders verwag om 'n skoon, rommelvrye skoolomgewing in stand te hou.

7.7 Leerders mag nie in bome, oor heinings, of op hekke en mure klim nie.

7.8 Leerders moet die eiendom van ander respekteer. Niks mag geleen of geneem word sonder die toestemming van die eienaar nie.

- 7.9 'n "Gangkaart" moet deur 'n leerder gedra word as hy gedurende lesure die klas verlaat.
- 7.10 Toestemming moet van die hoof, adjunk- of departementshoof verkry word om kennisgewings of plakkate op kennisgewingborde aan te bring.
- 7.11 Die skool kan nie verantwoordelik gehou word vir enige geld of eiendom wat op die skoolterrein wegraak nie. Geld en waardevolle items moet by die onderwysers ingehandig word vir veilige bewaring.

## 8. **AANKOMS**

Leerders moet soggens, voor die eerste klok lui, by hul onderskeie versamelpunte wees. Die eerste klok lui om 07:40. Alle leerders word buite die skoolterrein afgelaai. Slegs ouers wat die kantore besoek, word toegelaat om in te ry.

## 9. **LEERDERS MOET VOORBEREID WEES VIR SKOOL**

- 9.1 Tuiswerk moet daaglik in 'n tuiswerkboek geskryf en in die grade waar dit verlang word, deur ouers geteken word.
- 9.2 Siek leerders of dié met 'n aansteeklike toestand moet nie skool toe gestuur word nie.
- 9.3 Afwesigheidsbriewe word verlang as leerders na afwesigheid terugkeer skool toe. 'n Mediese sertifikaat word verlang vir afwesigheid langer as vier dae as gevolg van mediese redes.

## 10. **ALGEMENE REËLS**

- 10.1 Dit word van leerders verwag om die personeel en alle besoekers aan die skool te groet.
- 10.2 Leerders moet opstaan wanneer personeel klasse besoek of met hulle praat op die skoolterrein.
- 10.3 Leerders mag nie voor saal of gedurende die saalperiode in die saal praat nie.
- 10.4 Leerders moet ten alle tye vriendelik wees.
- 10.5 Leerders moet hulpvaardig wees teenoor besoekers.
- 10.6 Leerders moet die personeel ten alle tye respekteer.

## 11. **SELLULÊRE TELEFONE : SLEGS VIR NOODGEVALLE**

Leerders moet selfone soggens op die onderwyser se tafel plaas wat dit dan in die klas se kluis toesluit. Leerders kan dit weer kry wanneer die skool sluit.

Indien 'n leerder in besit van 'n selfoon gevang word sal dit vir twee weke gekonfiskeer word.

Die skool aanvaar geen verantwoordelikheid vir enige selfoon wat by die skool wegraak of gesteel word nie. Dit sluit ook in fone wat aan onderwysers/afrigters oorhandig is vir veilige bewaring. Ook fone wat afgeneem is omdat leerders die skoolreëls verbreek het.

## 12. DISSIPLINÊRE PROSEDURE

### 12.1 DISSIPLINÊRE KANALE

Opvoeder/Graadhoof	:	Daaglikse minder ernstige oortredings
Departementshoof	:	Herhaaldelike verbreking van reëls
Adjunkhoof	:	Meer ernstige oortredings
Skoolhoof	:	Baie ernstige oortredings

### 12.2 POSITIEWE VERSTERKING

Dit is belangrik om goeie gedrag te erken asook die verbetering van swak gedrag. Dit kan verskillende vorme aanneem soos bv. prys, erkenning ens.

### 12.3 DETENSIE

Enige onderwyser mag 'n leerder vir detensie verwys.

Die onderwyser wat die leerder vir detensie verwys moet die ouers per brief of SMS in kennis stel.

'n Detensiebrief word na die ouers gestuur wat dit moet onderteken as erkenning dat hul daarvan kennis dra. Indien 'n SMS gestuur is, berus die onus op die ouers indien hul die aangeleentheid wil bespreek.

Detensie vind op Vrydae vanaf 13:00 tot 15:00 plaas. Detensie geniet voorkeur bo alle ander aktiwiteite.

### 12.4 WEEKLIKSE RAPPORTERING

'n Onderwyser, Departementshoof of Adjunkhoof mag 'n leerling op weeklikse rapportering plaas. Hierdie vorm van straf word gebruik wanneer 'n **leerder se akademiese werk of gedrag 'n voortdurende probleem is.**

Die leerder sal die rapporteringvorm dra en moet elke opvoeder aan die einde van 'n les vra om 'n opmerking daarop aan te teken. Hy/sy sal aan die klasonderwyser rapporteer aan die begin van elke dag. Ouers moet die rapporteringvorm aan die einde van elke dag teken om aan te dui dat hulle dit gelees het. Indien die onderwyser dink dat aanvaarbare vordering gemaak is, sal die leerder van rapportering afgehaal word. Alhoewel dit weeklikse rapportering genoem word kan leerders ook vir langer periodes aan onderwysers rapporteer. Indien geen voldoende verbetering gemaak word nie sal die ouers ontbied word vir 'n onderhoud met die skoolhoof.

## 12.5 DIE ROL VAN DIE LEERDER

Om op te tree soos dit van Laerskool Hermanus leerders verwag word.

- Om respek teenoor ander persone en hul eiendom te toon.
- Om goeie maniere te openbaar.
- Om ten alle tye jou beste te lewer.
- Om die gevolge van jou daade te oorweeg.
- Om lojaal te wees teenoor Laerskool Hermanus.
- Om verantwoordelik te wees.

## 12.6 DIE ROL VAN DIE OUER

- Die uiteindelijke verantwoordelikheid van leerders se gedrag berus by die ouers of voogde.
- Die kind se waardesisteem word by die huis gevorm.
- Ouers is mede-rolspelers met betrekking tot dissipline
- Ouers stel die voorbeeld omtrent morele waardes vir hul kinders.
- Daar word van ouers verwag om hul kinders maniere te leer.
- Ouers moet respek vir ander by hul kinders vestig.
- Daar word van ouers verwag om lojaal teenoor die skool te wees en dit te ondersteun.
- Ouers moet die waardes wat die skool probeer vestig respekteer.
- Ouers moet help toesien dat kinders die skoolreëls gehoorsaam en verantwoordelikheid aanvaar vir enige vorm van wangedrag.
- Ouers moet aktiewe belangstelling in kinders se skoolwerk toon en dit vir hulle moontlik maak om voorgeskrewe huiswerktake te voltooi.
- Ouers moet asseblief vergaderings wat die skool vir hul reël, bywoon.

## 13. ERNSTIGE WANGEDRAG, SKORSING EN UITSETTING

### 13.1 Definisies

- Skorsing beteken die tydelike opskorting van die leerder se reg om skool by te woon.
- Uitsetting beteken die permanente opskorting van 'n leerder se reg om skool by te woon.

### 13.2 Ernstige wangedrag

'n Leerder is aan ernstige wangedrag skuldig as hy/sy:

- Herhaaldelik van skool of klasse afwesig is.
- Hom/haar op 'n onbehoorlike manier gedra het.
- 'n Leerder in besit is van alkoholiese drank of ander dwelms op die speelgronde of gedurende 'n skoolaktiwiteit.
- In besit is van enige vorm van pornografie.
- Skuldig is aan diefstal, immorele optrede of aanranding.

'n Leerder kan, na a regverdige verhoor deur die Beheerliggaam deur die Beheerliggaam geskors word of deur die Hoof van Onderwys uitgesit word as hy/sy aan ernstige wangedrag skuldig bevind word

#### 14. **BELONING**

##### **AKADEMIESE WERK**

Goue sterre, sertifikate en pryse dien as beloning.

## **SPORT**

### **ALGEMEEN**

- Afrigting word hoofsaaklik deur opvoeders behartig. Weens die toename in deelname is ons ook genoodsaak om van ouers gebruik te maak. Die skool stel ook in sekere gevalle afrigters teen vergoeding aan.
- Wye verskeidenheid sportsoorte word aangebied.
- Sportdeelname: wedstryde, sportdae en toernooie.
- Koste vir atletiek, netbal, krieket, rugby, tennis en hokkie is by die skoolfonds ingesluit. Vir gimnastiek word daar ekstra betaal, aangesien die apparaat duur is en ons steeds besig is om nog apparaat aan te koop.

### **SOMERSEISOEN**

#### Sportaktiwiteite

- Atletiek
- Krieket
- Tennis
- Swem word deur 'n buite-instansie aangebied.
- Gimnastiek

### **WINTERSEISOEN**

#### Sportaktiwiteite

- Rugby
- Netbal
- Hokkie
- Gimnastiek

## **KULTUUR**

### **MUSIEKONDERRIG**

Laerskool Hermanus se musiekstandaard word direk gekoppel aan UNISA se praktiese en teoretiese eksamens. Laasgenoemde word internasionaal erken.

Klavier- en blokfluitlesse word gedurende skoolure aangebied. Leerders kan vanaf graad 2 bogenoemde onderrig ontvang. Aansoekvorms is by die finansiële kantoor beskikbaar. Voornemende leerders se name word op 'n waglys geplaas, waarna hulle getoets word. U word per brief in kennis gestel of die toets suksesvol was al dan nie. Indien wel, sal die kind geplaas word waar daar 'n opening ontstaan by enige van die twee musiekopvoeders. Leerders moet tuis 'n instrument hê om op te oefen om te kwalifiseer vir musiekonderrig.

Blokfluitonderrig word individueel asook in groepverband aangebied. Leerders moet hul eie blokfluit besit.

## MUSIEKGELDE

Individuele les	30 min per week	R 490 per kwartaal
Individuele les	60 min per week	R920 per kwartaal
Groeples	60 min per week	R490 per kwartaal
Unisa Teorie	30 minute per week	R200 per kwartaal

## SKOOLKORE

Daar is twee skoolkore :

Junior koor : Graad 1 tot graad 3  
Senior koor : Graad 4 tot graad 7

Leerders word streng gekeur volgens 'n vooropgestelde stemtoets.

## SKAAK

Skaak vind tussen 13:00 en 14:00 op Vrydae plaas. Die leerders neem ook gereeld aan toernooie deel.

Leerders kry jaarliks geleentheid om aan die Eisteddfod deel te neem. Dit bestaan uit drama, musiek, kuns, koorsang en skeppende skryfwerk. Deelname hieraan bevorder nie net selfvertroue nie, maar dit dien ook as uitbouing van die talente waaroor ons leerders beskik.